

## Kerkwees kry nuwe gedaantes

Stephan Joubert - Rapport 2008-03-16

As ons enigste idee van kerkwees dié is van 'n plaaslike gemeente met 'n amptelike leraar, kerkraad en geboue, trap ons in dieselfde strik as Henry Ford wat gesê het jy kan enige kleur Ford ry mits dit swart is.

Terwyl tradisionele kerke wêreldwyd swaarkry, groei dinamiese Christelike bewegings vinnig in enigiets van bestaande gemeentes tot huise, kantore, op die internet, koffiewinkels, kroeë en as eietydse kerkplantings.

Een van die redes vir 'n krimpende lidmaattal is die immer groeiende negatiewe persepsies van die Christendom. David Kinnaman en Gabe Lyons, skrywers van *UnChristian*, se studie oor nie-kerklikes in die ouderdomsgroep 16 tot 29 jaar toon aan dat hulle Christene as veroordelend, skynheilig, politiek konserwatief en onverdraagsaam ervaar.

Ook in Suid-Afrika is 'n persepsie aan die posvat dat Christelike waardes en behoudende Afrikanerbelange bedmaats is.

Die grootste verlies aan kerk- lidmate vind plaas in die ouderdomsgroep van 18 tot 30 jaar. Volgens 'n studie van Lifeway Research in 2007 verlaat 70% van jong mense die kerk teen 23-jarige ouderdom. Van hulle het 34% teen hul 30ste verjaardag nog nie teruggekeer nie.

Onlangs het 'n amptenaar van 'n Afrikaanse kerkgenootskap vertel dat hulle in 'n paar jaar digby 8 000 lidmate verloor het. Die oorgrote meerderheid is in hierdie ouderdomsgroep.

Dis nie te sê nie-kerklikes is negatief oor Jesus nie. 'n Leier in die ontluikende kerkbeweging, Dan Kimball, skrywer van *They Love Jesus but not the Church*, tref geen afname in moderne mense se bewondering of navolging van Jesus aan nie. Dieselfde kan egter nie van hul siening van die kerk gesê word nie.

Terwyl tradisionele kerke sukkel om aan te pas by 'n veranderende wêreld of om 'n sinvolle alternatief vir 'n kritiese post-Christelike samelewing te bied, groei innoverende geloofsgemeenskappe dikwels los van bestaande kerke.

Terselfdertyd slaag party bestaande gemeentes wel om hulle los te wikkkel uit hul knusse kokon in 'n kwynde Christelike wêreld.

Hoewel die ontluikende kerke nie onder een sambreel toegemaak kan word nie, vertoon hulle sekere kenmerke wat hulle magneties maak vir hul omgewing.

Eerstens is hulle nie slaafs gebonde aan formele strukture nie. Kerkgeboue is vir hulle nie werklikheidsvreemde "huise van die Here" met Sondag as formele kerkdag nie. Vir hulle is die ganse wêreld God se huis en elke dag 'n kerkwees-dag.

Hul bymekaarkomplekke is doelmatige ruimtes. Dit gaan vir hulle oor die doeltreffende benutting van simboliese ruimtes, nie oor 'n skeiding tussen "ons" en "hulle" wat verder deur geboue beklemtoon word nie.

'n Goeie voorbeeld is Pierre du Plessis se geloofsgemeenskap, Third Place, wat op Sondag in 'n kroeg naby Menlyn, Pretoria, vergader en in die week by kinderhuise werk.

Net so innoverend is Paul Smit se Duet-gemeente in Potchefstroom wat 'n tentdorp as hul bymekaarkomplek ingerig het.

Ook beskou innoverende kerke die wêreld nie as 'n vyandige plek nie. Hulle sien alle mense as beeldraers van God. Ontluikende kerke wil dit met mekaar en ander deel sonder om te veroordeel.

As navolgers van Christus wil hulle mense bewus maak van God se liefde en nie teen alles en almal in die samelewing wees wat "Christelike waardes" bedreig nie.

Verhoudings is vir hulle 'n doel op sigself, en nie 'n manier om nog mense op hul kerkpersele te kry nie.

Kerkwees beteken om deel te wees van die nuwe familie van God wat in liefde saamleef. Daarom is hulle gemaklik met verskeidenheid en andersheid – omdat hulle glo aan die slagspreuk: “Belong before believe”.

Mense hoef nie eers soos hulle te lyk, praat, dink of glo voordat hulle aanvaarbaar is nie.

Kerkwees is vir groeiende kerke nie die somtotaal van programme en aksies wat deur professionele kerklikes gedryf word nie. Kerklike betrokkenheid word nie hier gemeet aan hoeveel mense by weeklikse kerklike aktiwiteite betrokke is nie, maar of individue daarin slaag om selfstandige diensaksies elders uit te voer.

Daarom moedig hulle hul mense aan om op kreatiewe maniere saam met ander te reis en Jesus se waardes voortdurend uit te leef.

Getalle en geestelike gesondheid is nie sinoniem vir groeiende geloofsgemeenskappe nie. Hulle is nie gekant teen getalle nie, maar dit dien nie as barometer vir betrokkenheid nie. Hulle is eerder daarop ingestel om volgelinge van Christus betrokke te kry by deurlopende aksies vir mense in nood.

Hiervan is Maxie van der Merwe en Johan Smith se Pure Hope-span jong mense wat heeltyds in arm gemeenskappe rondom Pretoria werk 'n sprekende voorbeeld.

So ook Tom Smith se Kleipot-gemeente wat mense oor kleurgrense heen by mekaar se lewe betrokke kry.

Dienslewering is die hartklop van nuwe kerkbewegings. E-kerk, 'n virtuele kerk, is sodoende ook betrokke by 'n kleuterskool in 'n township, asook by twintig bejaardes in 'n Gautengse ouetehuis wie se etes hulle vanjaar borg omdat hierdie mense net op 'n staatspensioen aangewese is.

Nog 'n ontluikende geloofsgroep waarvan ek weet, gee elke maand al hul geld weg en begin elke daaropvolgende maand met 'n nuwe begroting.

En dan keer innoverende geloofsgemeenskappe terug na die wortels van die Christendom. 'n Lewe van nadenke, stilgebed en die geestelike lees van die Bybel is hier aan die orde van die dag.

Mense se behoefte aan 'n lewensveranderende spiritualiteit dryf hierdie herontdekking van ou Christelike dissiplines. Die kapel van die Mosaïekkerk in Fairland, Johannesburg, waar daaglikse stiltedienste plaasvind, voorsien op 'n aangrypende wyse in dié behoefte.

Mense raak toenemend post-denominasioneel, soos wat Theo Geyser se Stellenbosch-gemeente alte goed begryp. Nogtans het hulle en die NG gemeentes van Stellenbosch 'n unieke verhouding van samewerking ontwikkel wat tot 'n paar jaar gelede nog ongekend was. Denominasionele grense is dus nie meer skeidsmure nie.

As kerke se leerstellings in die regte lewe wortel skiet, sal mense steeds betrokke raak. Kerke wat wil voortbestaan, moet daarom die waagmoed openbaar om kerklike seepbelle te prik deur nuwe bedienings aan te durf en in geloof selfs nuwe kerkplantings te ondersteun. Dis wat een plaaslike kerk, Kempton-Kruin, tans met 'n bediening vir postmoderne mense deur Etienne Schoeman doen.

Dit lyk my God het nie plaaslike gemeentes in huidige gestaltes ongekwalifiseerd nodig om sy koninkryk te laat kom nie. Die uitdaging lê dus vierkant by die kerk se voorkeur om gehoorsaam Godwaarts én relevant menswaarts aan te pas.

\* Stephan Joubert is 'n buitengewone professor in die Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria.